# Kalktoedienings bied goeie resultate

CARL TALJAARD EN HENDRIK HEŸL

## Panfontein kalsiet

In November 2005 het mnr Ben Scheepers, 'n produsent, 'n kalkproef gedoen met Panfontein kalsiet op sy plaas, Katboslaagte, in die Vereeniging-distrik. Die proef is nie 'n statistiese proef nie, maar 'n gewone produsente-proef.

Mielies is geplant met geen kalk en kalktoedienings van onderskeidelik 2 ton en 4 ton. Die kunsmistoediening en ander bewerkings is op presies dieselfde wyse op die aangrensende stroke van die land gedoen.

In Februarie 2006 het mnr Scheepers vir SA Kalk & Gips gekontak om die merkwaardige resultate met hulle te deel. Mnre Carl Taljaard en Hendrik Heÿl van SA Kalk & Gips het mnr Scheepers se plaas besoek en 'n boeredag is gereël om die ongelooflike goeie werking van Panfontein kalsiet met produsente te deel.

## Gevolgtrekking

Mnr Scheepers het binne vyf maande 'n reuse verbetering in sy grondkwaliteit gekry – 'n verbetering wat selfs met die blote oog duidelik sigbaar was. Kalk werk oor 'n tydperk van ± drie jaar. Mnr Scheepers behoort binne die eerste jaar meer as die koste van die kalktoediening terug te kry en vir die volgende twee jaar steeds dieselfde voordeel te trek.

**GEMIDDELDE PLANTGEWIG OP DIE VERSKILLENDE TOEDIENINGS:**

| Behandeling | Gewig |
|---|---|
| Geen kalk | 1,4 kg |
| 2 ton | 2,2 kg |
| 4 ton | 3,4 kg |



Johan van Rensburg (links) by geen kalk (pH 4) en Carl Taljaard (regs) by 2 ton (pH 4.5).

SA Kalk & Gips is trots om by hierdie kalkproef betrokke te kon wees en as die grootste en enigste nasionale verskaffer van landboukalk en –gipsprodukte, streef ons om produsente meer bewus te maak van die noodsaaklikheid van kalk- en gipstoedienings. Die maatskappy bemark, verskaf en versprei landboukalk en gips aan produsente landwyd.

SA Kalk & Gips kan met sy landwye bronne jou help om die beste winste uit jou oeste te maak. Die Panfontein, Meyerton Mikrofyn en Mooiplaas-bron lewer uitstekende kalsiet en dolomiet aan klante. In Mandini in KwaZulu-Natal is daar die Tugela-kalsietbron en landbougips word gelewer vanaf Potchefstroom, Chloorkop, Phokeng en Phalaborwa. In die Wes-Kaap verskaf die maatskappy kalsiet vanaf vyf bronne, dolomiet vanaf drie bronne en gips vanaf drie bronne.



2 ton kalk toegedien.

Vir bestellings of meer inligting rakende die proef, skakel SA Kalk & Gips by 0860 103 515, of faks: 0860 103 516, of besoek ons webblad by *www.sakalkengips.co.za* ■

SA Kalk & Gips

**PANFONTEIN KALSIET KALKPROEF RESULTATE:**

| Kalktoediening | Bulk Density | pH | K | Ca | Mg | Na | (Ca/Mg) | (Ca+Mg)/K | CUC | ESP% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen kalk | 1,145 | 4 | 195 | 480 | 133 | 6 | 2,2 | 7 | 4,67 | 0,56 |
| | | (BL) (0.66) | (11) (BH) | (23) (BH) | (23) (BH) | - 1 | (M) | (L) | | (BL) |
| 2 ton | 1,22 | 4,5 | 188 | 629 | 119 | 9 | 3,22 | 8,57 | 4,78 | 0,82 |
| | | (L) | (10) (BH) | (66) (BH) | (20) (BH) | - 1 | (M) | (L) | | (BL) |
| 4 ton | 1,19 | 4,7 | 159 | 675 | 104 | 10 | 3,96 | 10,4 | 7,68 | 0,93 |
| | | (G) | (9) (BH) | (72) (BH) | (28) (H) | - 1 | (M) | (M) | | (BL) |